

**16 Maart**

**Skrifgedeelte: Numeri 13:26-33**  
**Fokusgedeelte: Numeri 13:30-31**

### **Meerderheidsgetuigenis is nie altyd reg nie**

Nadat die 12 verspieters die beloofde land deurgegaan het, kom hulle terug by die volk en lewer verslag. Die feite wat in die verslag vooropstaan, is positief sowel as negatief. Die positiewe feit is dat die land wel 'n land is wat oorloop van melk en heuning. Die negatiewe feit is dat die inwoners van die land baie sterk is, die stede in die land is baie groot en ook versterk. Daarby is baie van die inwoners van die land reuse.

Op grond van hierdie feite in die verslag is daar 'n meerderheidsaanbeveling en ook 'n minderheidsaanbeveling:

- Die gevolgtrekking en aanbeveling van die meerderheidsaanbeveling is: Ons kan onmoontlik die land in besit neem.
- Die gevolgtrekking en aanbeveling van die minderheidsaanbeveling op grond van dieselfde feite is: Ons kan die land inneem!

Hoe kan daar verskillende en teenoorstaande aanbevelings op grond van presies dieselfde feite wees? Die eenvoudige antwoord is dat dit 'n saak van geloof is. Die meerderheid het in ongeloof na die feite gekyk en die minderheid het in geloof gekyk. Die meerderheid het in hulle eie onmag en minderwaardige krag vasgekyk, terwyl die minderheid nie na hulleself nie, maar na God se krag en almag gekyk het. Die minderheid het gedoen wat die Hebreërskrywer in Hebreërs 11:1 skryf: *"Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie."*

Wanneer jy in situasies in jou lewe kom waar jy besluite moet neem, moet jou nie noodwendig aan die meerderheid se aanbevelings steur nie. Kyk in geloof na die keuses en maak die keuse waarin jou geloof na vore kom. Onthou, ons krag lê nie in onself of in mense nie, maar in die troue Verbondsgod wat hemel en aarde gemaak het en in Wie ons glo.

*Sing: Psalm 146:1, 2, 3, 8 (1936)*

*Dr. JA Erasmus (Odendaalsrus)*